

**Skriflesing: Efesiërs 1:1-14****Belydenis- Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 6****Teks: Romeine 8:16-18 ; 28-31; 37-39; Efesiërs 1:4-6****Sing- Ps 90:1; Sb 33:1,2; Ps 92:3,7**

Dit moet een of ander tyd duidelik gesê kan word, broeder en suster, vandag is die tyd en die belydenis gee die geleentheid, dat die saad van die vrou en die saad van die slang (Gen. 3:15) kan nie dieselfde saad wees nie. Dié God aan Wie al sy werke van ewigheid af bekend is, en Hy wat alles volgens die raad van sy wil doen, kan nie op die vlak van mense en langs die gevoel van menslike idees oor wat regverdigheid beteken beoordeel word nie. Ons moet op geen stadium met ons idees van regverdigheid en onregverdigheid na dié deel van ons belydenis kyk nie. Die laaste dag van hierdie wêreld wat God bepaal het en waar paragraaf 4 die oordeel reeds aangekondig het, bly dit staan- **Die toorn van God bly op die mense wat hierdie evangelie nie glo nie...**

Dit wat God bepaal het, is nie net wanneer die laaste dag op hierdie aarde sal wees nie, maar so seker soos wat geloof van God af kom, so seker is God ook die oorsprong van wat ons vandag hier hoor- Die besluit van die uitverkiesing en verwerping is 'n ewige besluit. Dit is 'n vaste besluit sonder dat God een mens of een volk meer geskik of beter as ander mense of volke beskou. Dit het niks met ons as mense se eiewaarde of aansien te doen nie. Trouens hier is ons woorde min en ons harte klein, want al wat ons mag dink en sê is wat God aan ons bekendmaak.

Dit het wel te doen met die diepste grond waar jou lewe as gelowige op rus. Hierdie ewige besluit is onveranderlik, tydloos, bo-menslik groot, maar so ingrypend dat ons maar net kan sê - Hy – die Vader van ons Here Jesus Christus - het ons in Hom uitverkies voor die grondlegging van die wêreld.

Uitverkiesing wil sê dat Hy slegs 'n deel van die geheel uitkies. Dit beteken dat God die ander deel verbygaan. In sy genade kies God 'n deel van die mensheid uit om hulle te red. Na sy regverdige oordeel laat Hy die res in die verdorwe staat waarin alle mense hulleself uitgelewer het. God het niemand vooraf bestem om verlore te gaan nie! Die mens het homself deur sy eie keuse en skuld in verlorenheid gedompel. Dit sou 100%

regverdig wees as God ALMAL in daardie toestand sou laat bly. Maar, Hy het besluit om NIE ALMAL daarin te laat nie. Ons bevoorregte posisie is enkel en alleen aan God te danke! Hoe heerlik om dan eintlik in hierdie diepe, ja die waarlik diepste deel van God se genade te roem.

Efesiërs 1 is baie duidelik 'n loflied op die verkiesing van God. Die lof van die heerlikheid van God word nie minder nie as drie keer herhaal. God het mense gekies dat Hy in hulle verheerlik kan word. God is nie God ter wille van die mens nie, maar die geredde mens is mens ter wille van God. Vóór die tye, vóór die eeue, vóór die grondlegging van die wêreld, toe was die God se ewige welbehag reeds in sy besluite vas. Die plan waarvolgens God die mens sou red was op geen manier en op geen stadium van menslike handeling en besluite afhanklik nie. So min soos wat enigeen van ons kon kies wie my ma en vanwaar my pa moet wees, net so min het u en ek enige inspraak of bydrae kon lewer tot wat ons hier bely.

Ons besef wel as ons praat van 'n deel uit die geheel dat die getal van die uitverkorenes ook vasstaan. 'n Getal ook deur God bepaal wat niemand die getal weet nie en niemand kan dit verander nie. Tog is dit wel 'n groot getal want lees ons in Openbaring 7:9 dat Johannes 'n skare gesien het so groot wat niemand kan tel nie. Die getal is vas, dit is onveranderlik, dit is ewig, en daarvoor moet ons nie wil redeneer nie en met ons menslike planne kan ons beslis nie die leer van die uitverkiesing rondom ons idees van regverdigheid en onregverdigheid wil onderwerp nie. Wie dit wil doen is eintlik van mening dat hy/sy God aan hulle eie gedagtes kan onderwerp.

In alles wat ons hier voor ons bely gaan dit om God wat besluit het. Ons kan dit ook anders stel. Die voor-verordineringsluit al die planne van God in, en die planne wat ons as God se ewige planne bely staan nie los van mekaar nie, maar vorm een organiese geheel. Soos God se planne in ons tyd ontvou is daar nie die een deel van God se plan wat die ander deel kan vooruitloop nie. Soos die planne vorentoe gaan so gaan dit ook in geheel en in 'n eenheid vorentoe. Ons het baie beslis ook geen insae in wat al God se planne is nie. In Deuteronomium 29:29 staan dit ook so duidelik- *Die verborge dinge is*

*vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. Nogtans kan die uitverkore kinders van die HERE weet dat God se planne soos dit vir ons bekend is, maar selfs dit wat ons nie kan ken nie, dit staan alles daar vir ons ten goede.*

Die hele belydenis rondom die uitverkiesing en hoe dit ook vir ons verloop is in die ontvouing daarvan vir ons TEN GOEDE. Hier moet ons Romeine 8:28-31 ons eie kan maak- Die uitverkiesing is waar dit eintlik hier oor gaan- *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik. Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?*

Dit staan so aangrypend en troosvol. God wat ons liefhet- weereens paragraaf 2 van die Dordtse Leerreëls- vir hulle wat op grond van God se liefde en as deel van sy ewige onveranderlike besluit as deel van God se eiendom reeds uitverkies is, ja die uitverkiesing moet ons deurentyd in alle opsigte as 'n afgehandelde saak bely, vir hulle werk alles *ten goede*, want dit is hulle *wat na die voorneme van God geroep is*. Al mag dit dalk voel dinge werk teen my in plaas van dat alles ten goede werk, kan u maar op God vertrou. Selfs dit wat vir die uitverkorene mag voel dit kan op geen manier as iets goed beskou word, dit wat op hierdie oomblik in my lewe gebeur nie, maar u moet getroos weet selfs die slegste ervarings in u lewe is in die behae van God iets wat vir u ten goede sal meewerk. Dit wat vir die Here goed is sal geen mens as iets sleg kan beskou nie.

Dit alles staan in Rom 8 as die punt van wat God verordineer het. God het ons tevore geken, Hy het ons tevore verordineer, Hy het ons reeds tevore geroep, geregverdig en verheerlik, alles weereens soos die skakel van 'n ketting, dit het ons reeds by paragraaf 1 en 2 bely, maar bely ons dan ook vandag as Romeine 8 praat van die dinge wat tevore

reeds gedoen is, dan besef ons ook en dit bely paragraaf 6 dit het alles al gebeur voor die grondlegging van die wêreld. Efesiërs 1 laat hieroor geen twyfel nie.

Die vaste plan van God om mense tot geloof en redding te bring is waarlik 'n plan ons TEN GOEDE! Daarom is daar in die lewe van die ware gelowige geen noodlot wat jou lewe bepaal nie, daar is nie eers een haar van jou wat sal verloor of van kleur verander sonder dat die Here nie daarvan weet nie. Dit is alles deel van die troos van die uitverkiesing dat daar ook geen toevalligheid in die verloop van ons geskiedenis kan wees nie. Ons elkeen se eie geskiedenis, ons volk se geskiedenis, ons land se geskiedenis, die wêreld se geskiedenis, geen deeltjie van watter geskiedenis ons ook al aan mag dink is aan enige willekeur of toeval oorgelaat nie. Alles gebeur ooreenkomstig die plan van God wat reeds voordat daar tyd of wêreld was vasgestel en vasgemaak is.

Die grootste van dit alles wat deur God so bepaal is, dit selfs het God so verordineer-dat die uitverkorenes *gelykvormig* (kan) *wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy* (die Seun!) *die eersgeborene kan wees onder baie broeders*- Christus wat van ewigheid af God is, in sy Mens-wees is Hy 'n verordineerde van God, dat Hy ons Broer kan wees. Hy is die eersgeborene onder baie broeders. Ons sal Hom dan ook kan bely as die eersgeborene onder al die uitverkorenes. Om dit te mag hoor is om opnuut te mag teruggaan na die diepe betekenis van wat waarlik in Romeine 8:16-18 staan- *Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.* Wanneer ons vandag oor die openbaring van die uitverkiesing handel- dan moet ons eintlik kan uitroep- **WATTER HEERLIKHEID WORD HIER AAN ONS GEOPENBAAR!**

Ons het in alles met die heerlikheid van God te doen, daarom is die Remonstrante so verkeerd as hulle wil voorgee dat God sekere dinge maar net besluit het op grond van die voorkennis wat Hy van ons as mense het. God het volgens hulle nie vanuit sy eie

heerlikheid volkome volgens sy Raad in alles vanuit sy besondere bestaan besluit nie, maar omdat hierdie mense glo dat die mens 'n vrye wil besit, en jy jou wil teen die wil van God kan rig, daarom hang jou ewige redding eintlik maar af in wat jou besluit teenoor God sal wees. God wat dan eintlik Homself sou rig in wat Hy van jou vooruit gesien het en daarom het Hy sy verkiesende genade so ingerig in wat Hy kon aflei jou besluit sal wees. Dit kan mos nie waar wees nie, broeder en suster, want dan word God as veranderlike God, as Een wat sy besluite kan verander, as Een wat nie werklik in heerlikheid óór alles kan regeer nie?! Sekere gebeure en besluite sal God in die geskiedenis dan by die tyd moet aanpas, en dit weet ons is nie die waarheid nie!

Dit bring in alle geval juis geen houdbare troos nie, terwyl die uitverkiesing nie net houdbare troos bring nie, maar ewige troos dat niks en niemand my uit God se hand kan ruk nie. Die einde van Romeine 8 is waaraan ons in alle tye en onder alle omstandighede aan kan vashou- 37-39- *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

Dit staan in volle akkoord met Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus. Hierdie Sondag is eintlik ook maar net 'n bevestiging van paragraaf 6 van die Dordtse Leerreëls .  
**V/A 27- Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God? Antwoord: Die voorsienigheid van God is Sy almagtige en oralteenwoordige krag ... waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer... dat lower en gras, reën en droogte ...vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte ... rykdom en armoede... en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom...**

Die voorsienigheid van God is niks anders as die uitvoering van die plan van God wat reeds van ewigheid af bestaan- Dit is wat in Efesiërs 1:11 dan ook staan- dit gaan om die *voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil.* Die begin van vers 11

gee dan die duidelike grond-... *in Hom het ons ook 'n erfdeel ontvang nadat ons vantevore daartoe verordineer is...*

Wanneer ons die belydenis van paragraaf 6 waarlik indrink dat selfs die hardste hart onder die hamer van God se Woord verbrysel sal word, dat so 'n hart ook sal glo dan is dit vir ons en ons kinders 'n onuitputlike troos. Die woorde gryp ons aan- **Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik en buig hulle om tot geloof hoe verhard hulle ook al mag wees...**

Ons het hier nog steeds in alles met God se barmhartigheid te doen, maar die regverdigheid van God staan net so sterk- dit is die tweede deel van paragraaf 6. God is op geen wyse onregverdig in dit wat ons ook bely het nie- **Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is.**

Ons kan nie anders as om raak te sien dat die opstellers van die Dordtse Leerreëls het eintlik maar net vasgegryp aan wat in Artikel 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis ons volkome belydenis is - **Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

Om mense in hulle ongeloof verby te gaan of om die mens te los in die verderf waarin die mens in alle geval homself/haarself ingestort het, is ten volle God se reg. Die ewige

besluit van die uitverkiesing staan onlosmaaklik gebind aan dit wat as die besluit tot verwerping aangedui word.

Ons moet baie goed daarop let dit wat presies hier staan- Dit is nie God se besluit wat daartoe gelei het dat sekere mense nie glo nie. Baie beslis is God nie die oorsaak van mense se ongeloof nie. Dit het ons verlede keer al dubbel en dwars wou onderstreep. God is nie die oorsaak van ongeloof nie net so min as wat iemand God aanspreeklik kan hou as Hy wat God is iemand in sy ongeloof los! Ons sê dit maar net weer baie duidelik- As God alle mense ná die sondeval in hulle totale val sou gelos het en God sou besluit dat Hy niemand gaan red nie, dan sou Hy nog net so regverdig gewees het soos wat Hy nou is.

Die besluit tot verwerping moet ons besef is nie maar die ander kant van die besluit tot God se verkiesing nie. Dit is nie maar net die teendeel nie, asof dit gekoördineerd tot die besluit van die uitverkiesing staan nie. Nee dit is ondergeskik aan die verkiesing, of soos hulle in die dogmatiek dit stel dit is gesubordineerd aan die verkiesing. Om uitverkies te wees plaas jou as individu tot die geheel van die liggaam van Christus, waar jy in Christus deel van die nuwe mensheid word, maar die een wat nie verkies is nie, is nie in die verband van Christus nie. So een is uit die verband waarin hy/ haar, homself/haarself uit losgeruk het. Die uitverkiesing gaan oor die boom, die verwerping gaan oor die los takke. Die boom is Christus en word in Christus beskryf as dat Hy die ware wynstok is en ons die ranke. Al is daar baie takke wat verlore sal gaan, dan maak dit nie dat die boom nie meer is wat dit is nie. Al het 'n boom 1000 takke en 900 takke gaan verlore, dan beteken dit nog steeds nie dat die boom verlore gegaan het nie. Daardie takke gaan in die vuur sonder dat die boom noodwendig daardeur geraak word. In hulle wat verkies word glinster God se barmhartigheid, in hulle wat verlore gaan knetter die vuur van God se regverdigheid.

Wanneer God mense aan hulle eie hardheid en slegheid oorlaat dan sal met hulle gebeur wat ons ook in 1 Pet 2:7-8 lees – Christus word vir hulle ... *'n Steen des aanstoots en 'n*

*rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.*

Ons sluit af deur dit te stel dat die Remonstrante op grond van hierdie belydenis vandag hulle baie oor geërger het. Nog steeds sal mense in die sg. charismatiese kerke en van die Pinksterbewegings wat in wese Arminiaans en eintlik Remonstrants van oortuiging is hierdie leer wil verdraai. Gewoonlik loop dit dan ook saam dat mense wat glo jy word gered op grond van hoe jy tot God kon nader, en hoe jy wel die geloof mette jare verkry het dat sulke mense hulleself groot laat doop en glo hulle ook nie in die doop van klein kindertjies nie. Dié wat as wederdopers in die taal van ons belydenis bely word. Om met sulke mense oor die uitverkiesing te praat is soos om 'n sak rook naby 'n groot bynes te bring, dit zoem dan van alle kante soos hulle daarvoor te kere gaan. Hierdie leer word deur baie mense op growwe wyse eintlik baie haatlik voorgestel.

Mag dit wees dat u wel dit beleef soos ons belydenis dit ook hier stel. 'n Onuitspreeklike troos! Om God se genade, om sy ontferminge, om sy liefde vir die heiliges en godvresendes te bely. In wat ons uit Filippense kan hoor is wat ons aan moet vashou- *dat Hy wat die goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.*

AMEN



